6 November 2020
NG Gemeente Stellastraat

B L I T S N U U S

Ons is maar tingerig - *Anton Pienaar*

Turbulensies is nooit lekker nie. As die vliegtuig duik en ruk dan word die passasiers benoud. Hier en daar 'n gil, maar oor die meeste daal 'n benoudheid neer. Jy besef jy kan niks doen nie. Gaan die turbulensies erger word, of is dit net 'n storm waar deur ons gou sal kom? Midde in die storm voel dit aaklig. Dit voel soos *"is hierdie die einde?"*

Vandeesweek was 'n turbulente week in alle opsigte. Die Amerikaanse presidentsverkiesing en die onsekerheid in die markte, die getuienis by die Zondekommissie, die opskiet van die infeksies in Europa, matriek se eind-eksamen wat begin, – dit voel of alles net te veel is!

Dit is dikwels in tye van turbulensies wat jy diep oor jouself dink. Introspeksie. Dalk is die onsekerheid en broosheid goed vir ons. Ons het 2020 ingegaan met soveel selfvertroue, net om aan die einde van die jaar te besef hoe tingerig ons eintlik maar is. Waarskynlik gaan ons aan die einde van die jaar nader aan mekaar beweeg, wetende dat ons mekaar nodig het op hierdie turbulente pad. Ons sal anders na mekaar moet kyk. Mede-reisigers, nie opponente nie.

Sondag 8 November se eredienste

Eerskomende Sondag is daar meer 'enjins' wat loop in Stellastraat!
Die 08:30 erediens sal weer lewendig gevideo-stroom word op die **Stellastraat Live** kanaal van Youtube, jy kan ook op dié skakel kliek **www.youtube.com/c/stellastraatlive**

Die kerkraad het Dinsdag 3 November op sy vergadering goedgekeur dat ons in die volgende twee tot drie weke 'n digitale sisteem in die kerk kan installeer wat nie net die opnames en uitsendings makliker gaan maak nie, dit gaan die klank in die kerk ook verbeter. Wees asseblief geduldig, dit is vir almal 'n frustrasie!

Sondag is daar wel 'n paar eredienste wat jy by die kerk kan bywoon. Al wat nodig is, is dat jy sal registreer of skakel en sê dat jy gaan kom. Ons is steeds tot die covid-19 regulasies verbind – in ons almal se belang! Die **08:30 erediens** word deur Anton gelei uit Johannes 15:12. Die tema is: *"Die hoogste waartoe die menslike siel instaat is"*. By die **10:00 diens** preek Tienie oor *"Hoe bid ons vir die verkiesing?"* Die vraag is aan die hand van Psalm 72 waarin daar vir die koning gebid word. Tydens die diens gaan ons vir die ouers van Graad 7's die geleentheid gee om vir hulle kinders elkeen 'n reis-Bybel te gee. Na die diens is dit die afsluiting van die Junior jeuggroepe. Daar is 'n verrassing vir elkeen! Daar is kleuterkerk tydens die 10:00 diens, asseblief ons benodig hande om te help. Kontak Marina 082 872 3958.

Eerste 'lewendige' Adoramusdiens in 'n lang tyd

Van Sondagaand af kom ons weer in lewende lywe saam vir die Adoramusdiens, om tien voor ses. Willem lei dit hierdie Sondag. Die skakel vir die tuis-adoramus wat vir eie stiltetyd gebruik kan word, sal volgende week uitgestuur word. Registreer asseblief ook vir dié diens.

Bottel en bordaand 11 November

Ons praat oor sosiale media en sy dorings en blomme!



Moenie hierdie wonderlike geleentheid misloop nie!

Dr Neil van Heerden van Unisa, wat 'n baie sterk standpunt oor die invloed van sosiale media het, gaan die gesprek voer.

Die tema het baie aktueel geword na die verskyning van die film ***The Social Dilemma***. Jy kan jou lewe net verryk deur te kom luister of saam te kom praat.

Skakel asseblief die Kerkkantoor om te laat weet of jy kom – ons wil graag weet hoe ons die binnehof moet voorberei.

Woensdag 11 November 19:00 in die binnehof.

Graad 7's kry 'n reis-Bybel

Elke oorstaptyd het 'n stuk opgewondenheid maar ook onsekerheid. Om van skole te verwissel (van graad 7 na graad 8) is beslis 'n oorstaptyd wat dikwels vir jongmense baie traumaties is. As gemeente wil ons die jongmense help om hierdie oorstaptyd as 'n roetemerker te onthou. Daarom vra ons die ouers van die Graad 7's om namens die gemeente vir hulle elkeen 'n reis-Bybel te gee. Die simboliek is dat jongmense sal beleef dat God saam met hulle reis en dat die Bybel hulle kompas is wat hulle help met koers en rigting.

Diensjaar vir Christus

Om 'n jeuggroepleier te wees, is beslis 'n groot diens. Dit is 'n voorreg om saam met jongmense hulle geloofsreis mee te maak maar dit is beslis ook 'n diens. Dit vra iets van jou. Dit vra dat jy jongmense ook sal help met hulle geloofsvrae. Dit vra dat jy sal help om jongmense aan mekaar te laat verbind. Aan die einde van die jaar beleef jy hopelik die voorreg van om indiens van die Here te wees. Ons benodig ten minste **30 groepleiers** vir die Kleuterkerk; Junior jeuggroepe (Gr 1-7) en Senior jeuggroepe (Gr 8-10). As jy sou belangstel, kontak asseblief vir Tienie (083-6275086).

Kerssangdiens 29 November 2020

Maak jou solank reg vir 'n buitengewone kerssangdiens 2020! Vanjaar op Sondag **29 November**, en om dit moontlik te maak dat meer mense kom, gaan ons dit in die buitelug hou. By die kerk. Fay, Maricus en Jattie maak groot planne om dit 'n onvergeetlike aand van sang en musiek te maak.

Kersfeeskosmark op 4 Desember

Daar is sommer groot opgewondenheid oor ons tweede kosmark! Die eerste kosmark het soveel aftrek gekry dat ons besluit het om 'n tweede een te hou. Hierdie keer noem ons dit ons **Kersfeeskosmark** en dié gaan plaasvind op **4 Desember**.
Bestellings kan geplaas word op die ***Foodbooking-toepassing*** en sal oop wees van more oggend 08:00 af tot en met 28 November. Bestellings kan ook elke dag op die toepassing (app) gemaak word tussen 08:00 en 19:00, en vanaf Maandag kan bestellings by die Kerkkantoor gemaak word. Meeste van die verskaffers wat vir die vorige kosmark voorberei het, staan weer reg.

Studente maak orrelmusiek

Maandagaand 16 November is daar 'n klompie studente wat orrelopleiding ondergaan, wat 'n gratis konsert aanbied in Stellastraat se kerkgebou. Jy is welkom om dit by te woon. Kontak gerus vir Maricus!

Patrick kan jou dalk help

Patrick is vanaf 1 Desember vir 3 dae in die week beskikbaar. Maandae, Woensdae en Vrydae. Hy werk tans by die kerk, is baie betroubaar, fluks en ons beveel hom sterk aan. Kontak hom gerus 079 013 3231.

Blikkieskos

Ons benodig weer blikkieskos, enige soort.

Ongesteld

Johan Kruger, broer van Esta Prins van Mainstraat 390, Waterkloof.
Susan Visagie van Yellowwoodweg 9, Irene Farm Villages.

Erediens besprekings

Vanaf Sondag **8 November** is daar weer 'n 08:30 en 10:00 oggenddiens in die kerkgebou en 'n 18:00 Adoramusdiens in die kapel.

Die eredienste kan bespreek word deur die volgende skakel te volg -
https://forms.gle/sgAdxNtCatdUEBEJ6

Verjaarsdae 8 - 14 November

Ons wens graag die volgende lidmate geluk met hul verjaarsdae!

Sondag 8 November:
Sebastian Coetzee, Amora Nel, Carli Pretorius, Aria Senekal, Loodjie van Dyk, Annette van Niekerk, Karien van Staden, Wayne Willemse, Cecile Ziervogel.

Maandag 9 November:
Atalia Beukes, Ilke Döman, Estelle Erasmus, Des Fourie, Jannie Hanekom, Cara Joubert, Lianda Kruger, David Kunzmann, Hugo Lewis, Ida Nel, Janie Roodt, James Schlebusch, Lloyd Wynne.

Dinsdag 10 November:
Elna Barnard, Koos Greeff, Karin Schoeman, Jurjen Streutker, Luhan van Rooyen, Riekard van Rooyen.

Woensdag 11 November:
Rendu Barkhuizen, Elorraine Booyens, George Borchardt, Helena van der Merwe, Rynhardt Vorster, Drikus Zwarts.

Donderdag12 November:
Rudy Boer, Chris Borchardt, At Dreyer, Janine Hechter, Yvonne Lord, Werner Mohr, Naas Olivier, Marina Pienaar, Anina van de Wall, Elisabeth Viljoen.

Vrydag 13 November:
Suzette Fischer, Petrus Lombard, Jacques Olivier, Anja Parsons, Ella Richter, Duvan van den Heever, Pieter van Niekerk, Amalia van Rensburg, Heilet van Staden, Huibrecht Walker.

Saterdag 14 November:
Anette Hamann, Hilda Keith, Marcel Koortzen, Koos Kritzinger, Jannie Louw, Gerhard Marais, Deigton van der Wissel, Hannelie van Staden.

NG Gemeente Stellastraat

Stellastraat 158
Waterkloof
0181

Tel: 012 460 8570
Faks: 086 480 7844
Epos: info@stellastraat.co.za

Bankbesonderhede:
Bank - ABSA
Tjekrekeningnommer
540 580 022
Takkode - 632 005

www.stellastraat.co.za